Tel: 044 873 4383 | Sel: 061 470 3626 | E-pos: admin@tuinedal.co.za

GEMEENTEBULLETIN

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR
TUINEDAL
huisgesin van God

Jy is altyd welkom!

15 Mei 2022

09:00
Erediens

Kategese na die diens

Ds Cor

Lukas 17:11-19

#7 "Ons leef dankbaar"

AS HUISGESIN VAN GOD...

...WIL TUINEDAL 'N **VEILIGE RUIMTE** WEES WAAR GOED **VERSORGDE** EN **TOEGERUSTE** LIDMATE **GESTUUR** WORD NA 'N STUKKENDE WÊRELD – TOT **EER VAN GOD**.



Lukas 17:15 & 16

"En een van hulle het, toe hy sien dat hy genees is, omgedraai en God hardop geprys. Hy het voor die voete van Jesus neergeval en Hom gedank. Hierdie man was 'n Samaritaan."

Aansoeke is nou oop vir die pos van 'n Skriba/Kantoorbestuurder

Die NG Kerk George- Tuinedal benodig die dienste van 'n Skriba/Kantoorbestuurder in ons kerkkantoor. Dit is 'n permanente betrekking met diensaanvaarding op 1 augustus 2022. Diensure is van 08h00 tot 13h00 Maandae tot Vrydae asook Sondae tydens die erediens.

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR
TUINEDAL
huisgesin van God

Vereistes: Die suksesvolle kandidaat moet oor bewese vaardighede en naskoolse opleiding in kantooradministrasie beskik, rekenaargeletterd wees (*veral in die nuutste MS Office pakket*), bewese vaardighede in kommunikasie en bemarking hê, goeie menseverhoudinge kan handhaaf en in spanverband kan werk. Ondervinding in finansiële administrasie en veral Pastel-sagteware sal voordelig wees. Die persoon moet 'n belydende Christen en verkieslik 'n lidmaat van die NG kerk wees met 'n sensitiwiteit vir die eise en konteks van die kerklike werksomgewing.

Sluitingsdatum: Maandag, 30 Mei 2022 om 10h00. Indien u geen kommunikasie ontvang het na 13 Junie 2022 nie, aanvaar dat u aansoek nie suksesvol was nie. Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

Aansoeke: Stuur 'n CV (*met 3 referente waarvan minstens 1 'n kerklike referent*) **per e-pos** : admin@tuinedal.co.za of **per hand** by die kerkkantoor tydens kantoorure, h/v Palgrave- en Kasteelstraat, Dormehlsdrift, GEORGE

Vir meer inligting skakel die voorsitter van die Personeelkomitee, **Hendrik Hubbard by 082 569 9815**

Deuroffer

Noodvoeding

Nedbank: Rekening naam: NGK George-Tuinedal
Tjek rek no. 114 289 5416, Takkode: 198-765



Ondersteun asseblief vir Badisa met hierdie inisiatief en haal julle stapskoene uit! Badisa is 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie wat hulle toewy aan sosiale ontwikkeling deur middel van 145 gemeenskapsgebaseerde projekte in die Wes-, Noord- en Ooskaap. Hulle fokus is hoofsaaklik op kinders & families, bejaardes, gestremdes en mense met verslawing.

Daar sal Sondag kerrie en rys na die diens beskikbaar wees teen R25 per porsie.

Kom kry joune!

SNOEK- EN SOSATIEBRAAI

Ons snoek- en sosatiebraai vind plaas op Vrydag 27 Mei 2022. Plaas jou bestelling voor of op Woensdag 25 Mei om teleurstelling te voorkom.

Ds Pieter is van 9 tot 21 Mei op Anathoth Retreatplaas vir voortgesette bedienigsopleiding (VBO) in die geestelike oefeninge van Ignatius van Loyola. **Dis 'n stilretreat waar alle kontak met die buitewêreld vir 10 dae verbreek word**. Ds Cor sal die tema van ons 7-weke-reeks hanteer en dringende pastoraat word deur die kerkkantoor verwys na ander leraars.

VOORBIDDING

Jakobus 5:16 "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."

- ...vir **geestelike herlewing**, in ons gemeente – dat mense weer God sal ontdek as die betroubare en nabye Een in hul daaglikse bestaan
- .... vir groter offervaardigheid en **getroue rentmeesterskap** sodat die Kerkraad God se droom vir Tuinedal kan realiseer
- ... vir **stabiliteit en vrede in Oos-Europa,** vir die veiligheid van onskuldige bejaardes, vroue en kinders, die impak wat dit op die ekonomie (brandstof- en kospryse ens)
- **...vir die gesondheidsektor wêreldwyd,** vir die bekamping van die Korona-virus, die ontwikkeling van meer effektiewe teenmiddels en geneesmiddel en vir mense wat die virus onder lede het
- **... dank die Here vir die van ons wat gesond is nadat ons die virus opgedoen het**
- ...vir die **welstand van gesinne**. spesifiek vir emosionele, fisiese en geestelike welwees. Bid opnuut vir vreugde en balans in hul lewens.
- ...vir ons internasionale **sendelinge**: Gerhard en Nadine in China; Stéphan en Carina in Japan. Ook vir ons binnelandse **sendelinge**: E.J. en Koekoes in Kamieskroon onder YFC.

***Siekes en ongesteldes* in ons gemeente:**

Rina Marais (infeksie), **Judy** (kanker), **Annalisa** (kanker), **Marlyn van Rooyen** (kanker),**Ds Riekie** (kanker) en **almal wat herstel na kankerbehandeling**.

VERJAARSDAE

Baie geluk!

Sondag 15 Mei: Dorothy Strydom Bos4.4
Maandag 16 Mei: Joey Rautenbach Dor1.9 & Mae Ehlers BW1.10
Dinsdag 17 Mei: Fred Taljaard Dor4.3 & Petro Schoeman Dor7.7
Woensdag 18 Mei: Devon Kirchner GW1.8, Koos Van Tonder Dor6.5 & Lezaan Botha BW8.5
Donderdag 19 Mei: Sarel Du Plessis Dor8.3 & Tania Van Vuuren BW5.11
Vrydag 20 Mei: Cliffie Jantjies PA4.2 & Jan Britz Dor6.2

GW = Groeneweide Park, BW = buitewyk, Dor = Dormehlsdrift, GS = George Suid, Bos = Bos en Dal, PA = Pacaltsdorp, K = Kingswood en King George Park & RR Rooirivier Rif